

AFRIKA KOMANDO WURM UITBRAAK

Na die droogte van die afgelope paar jaar het daar nou in die laaste 6 weke oor groot gedeeltes van Namibia goeie reën neerslae voorgekom. Dit gebeur gereëld dat met goeie reën neerslae na 'n droogte periode daar een of meer insek plaë uitbreek.

So het daar nou in dele van die land 'n Afrika Komando Wurm plaag uitbreek wat besig is om die jong gras wat nou groei te vernietig. Hierdie plaag het die potensiaal om katastrofiese nagevolge te hê aangesien hulle alle gras in hulle pad verober.

Die Afrika Komando Wurm (*Spodoptera exempta*) moet nie met die Herfs Komando Wurm (*Spodoptera frugiperda*) verwar word nie.

Hoe kan die 2 spesies uitmekaar geken word

Albei spesies behoort aan dieselfde genus, *Spodoptera*, en dit word weerspieël in hul soortgelyke morfologie. Die belangrikste kenmerk van albei spesies is dat as daar na die larwe van voor af gekyk word, is daar 'n duidelike ligte omgekeerde-V op die kop. Beide spesies het nie liggaamshare nie en kom in 'n verskeidenheid kleure as larwes voor.



Omgekeerde V op die kop van beide spesies

Die larwe van die Afrika Komando Wurm larwes (AKW) wissel in kleur van groen tot bruin (of selfs groen en bruin) met lae larwe infestasië, tot fluweelswart (langs die rugoppervlak) wanneer die infestasië hoog is, met ligte strepe langs die sye.

Herfs Komando Wurm larwes (HKW) wissel van groen tot donkergroen, pienkerig, bruin of donkerbruin (nooit swart nie) met ligter groen strepe in die lengte. Die belangrikste kenmerk van die larf stadium is dat HKW-larwes vier hoogs sigbare donker kolle in 'n vierkant op die 8ste segment van voor af (feitlik op die stert) het.

Foto's van die Afrika Komando Wurm Larwe



Foto's van die Herfs Komando Wurm Larwe



In die volwasse mot stadium is beide spesies grys of bruin met onreëlmatige merke.

Foto's van die Afrika Komando Wurm Mot




AKW Mot – Vroulik



AKW Mot – Manlik

Foto's van die Herfs Komando Wurm Mot



HKW Mot – Vroulik



HKW Mot - Manlik

Verskillende gedrags patrone

Die twee spesies verskil in hul gasheerplant reeks. AKW voed by voorkeur op wilde grasse (veral *Cynodon* spp. – Wilde Kweek). Dit sal egter ander plante en gewasse soos mielies en ander graan- en weidings gewasse aanval indien voorkeur wilde grasse nie beskikbaar is nie.

In teenstelling daarmee voed HKW ook op 'n wye verskeidenheid (> 80 spesies) ander gasheerplante, waaronder mielies (hulle voorkeur gewas), katoen, aartappel, tamatie, tabak, spinasie, krisante, komkommers, gewone boontjie, akkerbone, sojabone, grondbone, piesang, gemmer, ens. HKW is ook kannibalisties as larwes in die laat stadium en kan mekaar dus eet tydens ontmoetings. Dit is die rede waarom u selde meer as een van die twee volgroeide HKW op 'n mielieplant sien.

Die twee spesies verskil ook in die dele van die plant wat hulle eet. Terwyl AKW byvoorbeeld slegs op die vegetatiewe dele van die plante sal voed (spesifiek die blare, dikwels kaal gestroop), begin HKW deur die blare te vreet (wat dikwels lei tot sirkelvormige gate in die blaar), dan die groeipunte van die plant (wat weg gestee is in die kelk van die plant) en uiteindelik die voortplantingstrukture (mielie kop, vrug, saad). Hierdie laasgenoemde eienskap beteken dat dit dikwels moeilik is om die groeiende larwes van die HKW wat diep binne in die plant is, op te spoor. Dit maak dit ook moeilik om die plaag met kontak insekdoders te beheer.

Albei spesies migreer baie in die volwasse motstadium, en trek dikwels lang afstande tussen uitbrake. Die AKW larwe migreer ook oor redelike afstande (trek grond langs) Hulle uitbrake is ook meer sporadies van aard/

Die HKW is meer stagnant in 'n area waar dit sal bly en voed en daar kan verskeie uitbrake in een seisoen op die selfde area plaas vind.

Chemiese beheer van die Afrika Komando Wurm

AKW kan slegs in die larwale stadium is deur insekdoders efektief beheer word; eiers is moeilik om te vind, papies is ondergronds en motte vlieg snags teen baie lae digthede. AKW larwes is vatbaar vir 'n wye verskeidenheid insekdoders en daar is geen rekord van weerstand nie. Die grootste probleem is dat larwes meestal nie opgespoor word voordat hulle swart word by die III-IV instar nie, 7-10 dae ouderdom nadat daar reeds ernstige skade aangerig is. Enige vertraging in die toepassing van beheermaatreëls gedurende die verdere 8-12 dae tot by die pupale stadium, sal lei tot stygende skade. Vinnige reaksie is dus noodsaaklik en kan slegs bereik word deur goed voorbereid en toegerus te wees vir beheermaatreëls en op voorspellings en waarskuwings op te tree. By gebrek aan waarskuwings- of lokval gegewens, word boere aangeraai om 'n week na 'n goeie reën bui na die larwes na te gaan soek, veral na die eerste goeie reën van die reënseisoen. Aanbevole insekdoders sluit organofosforverbindinge, karbamate en sintetiese piretroïede in, waarvan 'n aantal (veral

fenitrothion en cypermethrin) doeltreffend is wanneer dit toegedien word teen 'n lae dosis met Ultra Lae Volume (ULV) bespuiting. ULV-bespuiting is die doeltreffendste metode vir beheer van die AKW, wat vinnige behandeling van groot gebiede met 'n lae hoeveelheid insekdoders en water moontlik maak. Toediening kan geskied deur rugsak spuite, trekker spuite, vuurvegter spuite of vliegtuiggemonteerde spuite.

Chemiese Produkte (met Agra produk kode) vir die beheer van AKW wat gereedlik by Agra beskikbaar is met meng dosis per liter water:

Cypermethrin (K 2820 / K3500) - 0.75 ml / Liter water (150 ml / Ha)

Deltamethrin (K 1823 / 210623) - 1.25 ml / Liter water (250 ml / Ha)